

ISAAC NEWTON SE TWAALF ARTIKELS GEBASSEER OP GOD EN CHRISTUS

GEDURENDE DIE 1710s-1720s

KEYNES MS 8, KING'S COLLEGE, CAMBRIDGE

Artikel 1. Daar bestaan slegs een God die Vader onsterflik, alomteenwoordig, alwetend, almagtig, die skepper van hemel en aarde, en slegs een Middelman tussen God en die mens, naamlik Jesus Christus.

Artikel 2. Die Vader is die onsienlike God wie niemand nog gesien het of kan sien nie. Al die ander wesens is somtyds sigbaar.

Artikel 3. Die Vader het lewe in homself en het die Seun ook lewe in homself gegee.

Artikel 4. Die Vader is alwetend en besit al die kennis oorspronklik in sy eie bors, en openbaar die kennis oor toekomstige dinge aan Jesus Christus en niemand in die hemel of op die aarde is waardig genoeg om hierdie kennis direk van die Vader te ontvang nie behalwe die Lam. Daarom is die verklaring van Jesus, die Gees van Voorspelling en Jesus is die Woord of Profeet van God.

Artikel 5. Die Vader is onwrikbaar, geen plek is instaat om meer leeg of voller te word van hom as deur die ewige noodsaaklikheid van die natuur nie. Al die ander wesens is beweegbaar van plek tot plek.

Artikel 6. Al die aanbidding; of dit nou gebed, lofprysing of danksegging is, wat aan die Vader verskuldig is voor die koms van Jesus Christus, is nogsteeds verskuldig aan hom. Christus het nie gekom om die aanbidding tot sy Vader in te kort nie.

Artikel 7. Gebede is meer doeltreffend wanneer dit aan die Vader gerig is in die naam van die Seun.

Artikel 8. Ons moet dank bewys aan die Vader alleen omdat hy ons geskep het, vir ons kos en klere gegee het asook enige ander seeninge in hierdie lewe. Waarvoor ons ook al vir Hom dankie se of vra, vra ons onmiddelik in die naam van Christus.

Artikel 9. Ons hoef nie tot Christus te bid en vir hom te vra om vir ons by God in te tree nie. As ons korrek tot God bid, sal hy vir ons intree.

Artikel 10. Dit is nie nodig om ons gebede tot enige ander Vader in die naam van die Seun te rig om verlos te word nie.

Artikel 11. Om die naam van God aan Engele of Konings te gee is nie teen die eerste gebod nie. Om die aanbidding van die God van die Jode te rig tot Engele en Konings is egter teen die eerste gebod. Die betekenis van die eerste gebod is: Jy sal geen ander gode aanbid behalwe my nie.

Artikel 12. Vir ons bestaan daar slegs een God, die vader in wie alles is en ons in hom, en een Jesus Christus by wie alles is en ons by hom. Ons moet die Vader alleenlik aanbid as God Almagtig en Jesus alleenlik as die Christus, die grote Koning, die Lam van God wie vir ons sondes gesterf het en ons gered het met sy bloed en ons konings en priesters gemaak het.

Vertaal deur Michael Pearson

Afrikaans